[BSc Rekenaarwetenskap](#)

**Diensmodules** Fakulteit Geesteswetenskappe

**Voorvereistes** Geen voorvereistes.

**Kontaktyd** 3 praktiese sessies per week, 3 lesings per week

**Onderrigtaal** Aparte klasse vir Engels en Afrikaans

**Departement** Inligtingkunde

**Aanbiedingstydperk** Semester 2

### Module-inhoud

Die ekonomie en politiek van inligting. Hierdie module ondersoek die ekonomie en politiek van inligting met spesifieke klem op die Suid-Afrikaanse inligtingsektor. Dit bevorder die begrip van sowel die mark- as die niemarkeienskappe van inligting asook die gevolge daarvan vir die produksie, verspreiding en bemaking van inligtingprodukte en -dienste. Die maniere waarop toegang tot inligting, sowel as die uitdrukking van inligting gereguleer word, asook die gebruik van IKT's in misdaad en korrupsie, word ook aangespreek.

### Inligtingkunde 270 (INL 270)

**Kwalifikasie** Voorgraads

**Modulekrediete** 20.00

**Programme** [BIS Inligtingkunde](#)  
[BPolSci Politieke Studies](#)  
[BSc Rekenaarwetenskap](#)

**Diensmodules** Fakulteit Geesteswetenskappe

**Voorvereistes** Geen voorvereistes.

**Kontaktyd** 3 praktiese sessies per week, 3 lesings per week

**Onderrigtaal** Module word in Engels aangebied

**Departement** Inligtingkunde

**Aanbiedingstydperk** Semester 2



## Module-inhoud

Inheemse kennis en kommunikasie. Hierdie module fokus op die rol en funksie van inheemse kennis in die inligting- en kennissamelewing. Verskeie kategorieë en kontekste van inheemse kennis word verken binne internasionale en plaaslike perspektiewe. Aspekte wat verband hou met toegang tot en die kommunikasie van inheemse kennis, onder andere deur inligting- en kommunikasie tegnologie, word ook aangespreek ten einde volhoubare ontwikkeling te verseker.

## Inligtingkunde: Inligtingsorganisasie 310 (INL 310)

**Kwalifikasie** Voorgraads

**Modulekrediete** 30.00

**Programme**  
[BIS Inligtingkunde](#)  
[BIT Inligtingtegnologie](#)  
[BPolSci Politieke Studies](#)  
[BSc Rekenaarwetenskap](#)

**Diensmodules** Fakulteit Geesteswetenskappe

**Voorvereistes** Geen voorvereistes.

**Kontaktyd** 3 praktiese sessies per week, 3 lesings per week

**Onderrigtaal** Module word in Engels aangebied

**Departement** Inligtingkunde

**Aanbiedingstydperk** Semester 1

## Module-inhoud

Inligtingorganisasie. Die module handel oor die organisasie van inligting binne die digitale omgewing, en fokus op die struktuur en gebruik van dokumentbestuur en werkvloeisisteme, asook verspreidingskanale en virtuele omgewings. Die eienskappe en toepassing van die Internet, intranette, sowel as portale en portaaltoepassings word bestudeer.

## Inligtingkunde: Inligting- en kennisbestuur 320 (INL 320)

**Kwalifikasie** Voorgraads

**Modulekrediete** 30.00

**Programme**  
[BIS Inligtingkunde](#)  
[BIT Inligtingtegnologie](#)  
[BPolSci Politieke Studies](#)  
[BSc Rekenaarwetenskap](#)

**Diensmodules** Fakulteit Geesteswetenskappe

**Voorvereistes** Geen voorvereistes.

**Kontaktyd** 3 praktiese sessies per week, 3 lesings per week

**Onderrigtaal** Module word in Engels aangebied

**Departement** Inligtingkunde

**Aanbiedingstydperk** Semester 2



## Module-inhoud

Inligting- en Kennisbestuur. Die module fokus op inligting- en kennisbestuur op 'n operasionele vlak. Dit bestudeer die bestuur van inligting en kennis wat spesifiek is tot 'n organisasie, wat die organisasie in staat stel om kompetend te wees. Daar word hoofsaaklik gefokus op vier aspekte naamlik: die 21ste-eeuse organisasie, die inligtingprodukte wat bestuur word op 'n operasionele vlak, die belang van hierdie produkte vir die 21ste-eeuse organisasie, die interne en eksterne rolspelers wat 'n belang het by inligtingsprodukte sowel as die infrastruktuur wat aanwesig moet wees binne organisasies ten einde inligtingsprodukte te bestuur. Die module word afgesluit met enkele onderwerpe wat verband hou met inligtingbestuur op 'n strategiese vlak.

## Inligtingkunde: Digitale pakhuis 340 (INL 340)

**Kwalifikasie** Voorgraads

**Modulekrediete** 30.00

**Programme**  
[BIS Inligtingkunde](#)  
[BPolSci Politieke Studies](#)  
[BSc Rekenaarwetenskap](#)

**Diensmodules** Fakulteit Geesteswetenskappe

**Voorvereistes** Geen voorvereistes.

**Kontaktyd** 3 lesings per week, 3 praktiese sessies per week

**Onderrigtaal** Module word in Engels aangebied

**Departement** Inligtingkunde

**Aanbiedingstydperk** Semester 2

## Module-inhoud

Die module is toegespits op die samestelling en bestuur van digitale pakhuis. Die eienskappe van die digitale pakhuis in 'n vinnig veranderende tegnologiese omgewing en 'n uitdagende inligtinggemeenskap word bespreek. Kernaspekte sluit in: sisteemontwerp, verhoudings tot saamgestelde biblioteke, digitale versamelings en die bestuur van regte, standaarde, virtuele verwysings en die ontwikkeling en evaluering van digitale pakhuis.

## Inligtingkunde: Sosio-politiese aspekte van inligting binne 'n globale konteks 360 (INL 360)

**Kwalifikasie** Voorgraads

**Modulekrediete** 30.00

**Programme**  
[BA Visuele Studies](#)  
[BIS Inligtingkunde](#)  
[BPolSci Politieke Studies](#)  
[BSc Rekenaarwetenskap](#)

**Diensmodules** Fakulteit Geesteswetenskappe

**Voorvereistes** Geen voorvereistes.

**Kontaktyd** 3 praktiese sessies per week, 3 lesings per week

**Onderrigtaal** Module word in Engels aangebied



**Departement** Inligtingkunde

**Aanbiedingstydperk** Semester 1

### Module-inhoud

Hierdie module ondersoek aspekte van die inligting en kennis samelewing in plaaslike, streek- en internasionale kontekste. 'n Spesiale fokus van die module is die interaksie en uitruil van data, inligting en kennis van gemeenskappe se lokale kennis stelsel met data, inligting en kennis in die globale kennis stelsel. Die module bespreek verder die groei van inligting- en kommunikasietegnologieë (IKT's), en die implikasies daarvan op ontwikkeling.

## Inligtingkunde: Kompeterende intelligensie 380 (INL 380)

**Kwalifikasie** Voorgraads

**Modulekrediete** 30.00

**Programme** [BIS Inligtingkunde](#)  
[BPolSci Politieke Studies](#)  
[BSc Rekenaarwetenskap](#)

**Diensmodules** Fakulteit Geesteswetenskappe

**Voorvereistes** Geen voorvereistes.

**Kontaktyd** 3 praktiese sessies per week, 3 lesings per week

**Onderrigtaal** Aparte klasse vir Engels en Afrikaans

**Departement** Inligtingkunde

**Aanbiedingstydperk** Semester 2

### Module-inhoud

Kompeterende intelligensie Hierdie module verskaf 'n oorsig van kompeterende intelligensie (KI) en fokus op die behoefte van KI in organisasies. Die manier waarop organisasies kompeteer en die voordele wat KI aan hierdie organisasies kan bring sal ook gedek word. Die groeiende behoefte vir KI in Suid-Afrikaanse organisasies sal ook ondersoek word. Praktiese voorbeelde en gevallestudies sal gebruik word om die waarde van KI in organisasies te beklemtoon.

## Inligtingsontwerp (1) 100 (IOW 100)

**Kwalifikasie** Voorgraads

**Modulekrediete** 40.00

**Programme** [BA Inligtingsontwerp](#)

**Voorvereistes** Toelating tot relevante program

**Kontaktyd** 6 praktiese sessies per week, 1 lesing per week, 2 besprekingsklasse per week

**Onderrigtaal** Afrikaans en Engels word in een klas gebruik

**Departement** Visuele Kunste

**Aanbiedingstydperk** Jaar



## Module-inhoud

\*Geslote – vereis departementele keuring

Inleiding tot ontwerp as visuele vorm: elemente, beginsels en logika van ontwerp, kleur en die gebruik daarvan as 'n ontwerpmedium, analise, sintese en toepassing van geselekteerde tegnieke. Inleiding tot tipografie: terminologie, historiese ontwikkeling en basiese teksvorming, tipografie as direkte kommunikasie, tipografie as illustratiewe entiteit. Inleiding tot die ontwerpproses: oorspronklikheid en konseptuele waardes, navorsing, konsepontwikkeling, visuele artikulasie en ontwerprasionale, self-evaluering.

## Inligtingsontwerp (2) 200 (IOW 200)

**Kwalifikasie** Voorgraads

**Modulekrediete** 40.00

**Programme** [BA Inligtingsontwerp](#)

**Voorvereistes** IOW 100, VKK 110, VKK 120

**Kontaktyd** 6 praktiese sessies per week, 2 besprekingsklasse per week, 1 lesing per week

**Onderrigtaal** Afrikaans en Engels word in een klas gebruik

**Departement** Visuele Kunste

**Aanbiedingstydperk** Jaar

## Module-inhoud

\*Geslote – vereis departementele keuring Inleiding tot digitale tegnologie. Tipografie en uitleg: tipografiese uitdrukking, uitlegsisteme en -strukture, integrasie van beelde en teks. Fotografie in ontwerp. Ontwerp as visuele kommunikasie: uitdrukkings- en funksionele dimensies, geselekteerde tegnieke en media. Toepassing en ontwerp: probleemoplossing van visuele identiteit, verpakkings-, redaksionele- en reklame-ontwerp.

## Inligtingsontwerp (3) 300 (IOW 300)

**Kwalifikasie** Voorgraads

**Modulekrediete** 50.00

**Programme** [BA Inligtingsontwerp](#)

**Voorvereistes** IOW 200, VKK 120, VKK 220

**Kontaktyd** 2 besprekingsklasse per week, 2 lesings per week, 4 praktiese sessies per week

**Onderrigtaal** Afrikaans en Engels word in een klas gebruik

**Departement** Visuele Kunste

**Aanbiedingstydperk** Jaar

## Module-inhoud

\*Geslote – vereis departementele keuring Rekenaarvaardigheid en digitale tegnologie as medium vir ontwerp. Produksiebestuur: tegnologie en produksiesisteme vir papier- en skermgebaseerde media. Ontwerp as visuele kommunikasie: inhoud, gehoor, media en ontwerpstrategie. Toepassing en ontwerp: probleemoplossing van visuele identiteit, verpakkings-, uitstallings-, redaksionele, advertensie- en reklame-ontwerp. Individuele ontwerpnavoring.



## Navorsing: Inligtingsontwerp (4) 400 (IOW 400)

<b>Kwalifikasie</b>	Voorgraads
<b>Modulekrediete</b>	60.00
<b>Programme</b>	<a href="#">BA Inligtingsontwerp</a>
<b>Voorvereistes</b>	IOW 300, VKK 310, VKK 320
<b>Kontaktyd</b>	1 lesing per week, 6 praktiese sessies per week, 2 besprekingsklasse per week
<b>Onderrigtaal</b>	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
<b>Departement</b>	Visuele Kunste
<b>Aanbiedingstydperk</b>	Jaar

### Module-inhoud

\*Geslote – vereis departementele keuring

Prosesse in ontwerppraktyk: beplanningstrategieë, metodes vir probleemoplossing, ontwerpevaluering, kommunikasie, besigheidsbeginsels en etiek. Geïntegreerde toepassing van kennis en vaardighede deur middel van gevorderde ontwerpprobleemoplossing. Individuele ontwerpnavorsing.

## Navorsing in inligtingsontwerp: Verhandeling 800 (IOW 800)

<b>Kwalifikasie</b>	Nagraads
<b>Modulekrediete</b>	180.00
<b>Programme</b>	<a href="#">MA Inligtingsontwerp</a>
<b>Voorvereistes</b>	'n Vierjarige graad in Inligtingsontwerp of gelykstaande kwalifikasie (met Senaatsgoedkeuring) met 'n gemiddelde van ten minste 65%
<b>Onderrigtaal</b>	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
<b>Departement</b>	Visuele Kunste
<b>Aanbiedingstydperk</b>	Jaar

### Module-inhoud

'n Verhandeling oor 'n goedgekeurde onderwerp onder toesig van 'n studieleier.

## Navorsingsgedrewe ontwerpprojek en dokumentasie 801 (IOW 801)

<b>Kwalifikasie</b>	Nagraads
<b>Modulekrediete</b>	180.00
<b>Programme</b>	<a href="#">MA Inligtingsontwerp</a>
<b>Voorvereistes</b>	'n Vierjarige graad in Inligtingsontwerp of gelykstaande kwalifikasie (met Senaatsgoedkeuring) met 'n gemiddelde van ten minste 65%
<b>Onderrigtaal</b>	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
<b>Departement</b>	Visuele Kunste
<b>Aanbiedingstydperk</b>	Jaar



## Module-inhoud

Navorsingsgedrewe ontwerpprojek wat 'n navorsingstema of -area ondersoek wat betekenisvol en toepaslik afgebaken is binne huidige ontwerpdiskoers en -praktyk, ondersteun deur toepaslike dokumentasie wat as teoretiese konteksdokument en rasionaal dien. Die projek en dokument moet konseptueel en teoreties verband hou en geïntegreer wees.

## Proefskrif: Inligtingsontwerp 990 (IOW 990)

<b>Kwalifikasie</b>	Nagraads
<b>Modulekrediete</b>	360.00
<b>Programme</b>	<a href="#">PhD Inligtingsontwerp</a>
<b>Voorvereistes</b>	Meestersgraad in inligtingsontwerp of verwante studieveld soos goedgekeur deur die departementshoof.
<b>Onderrigtaal</b>	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
<b>Departement</b>	Visuele Kunste
<b>Aanbiedingstydperk</b>	Jaar

## Module-inhoud

Proefskrif onder die promotorskap van senior dosent/navorsers. Die proefskrif moet bydrae lewer tot nuwe en onafhanklike navorsing op die gebied van die Inligtingsontwerp. Formele verdediging van die proefskrif voor paneel van assessore.

## Internasionale verhoudinge 210 (IPL 210)

<b>Kwalifikasie</b>	Voorgraads
<b>Modulekrediete</b>	20.00
<b>Programme</b>	<a href="#">BA</a> <a href="#">BA Regte</a> <a href="#">BA Tale</a> <a href="#">BAdmin Openbare Bestuur en Internasionale Verhoudinge</a> <a href="#">BPolSci Internasionale Studies</a> <a href="#">BPolSci Politieke Studies</a> <a href="#">BSocSci Bedryfsosiologie en Arbeidstudies</a> <a href="#">BSocSci Filosofie, Politiek en Ekonomie</a>
<b>Diensmodules</b>	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
<b>Voorvereistes</b>	PTO 101 (GS)
<b>Kontaktyd</b>	3 lesings per week
<b>Onderrigtaal</b>	Module word in Engels aangebied
<b>Departement</b>	Politieke Wetenskappe
<b>Aanbiedingstydperk</b>	Semester 1



## Module-inhoud

Internasionale teorie en organisasie

Wat veroorsaak oorlog en vrede? Is internasionale orde en geregtigheid versoenbaar? Is die internasionale struktuur belangrik? Die antwoorde word bepaal deur die teoretiese lense waardeur wêreldpolitiek beskou word. 'n Oorsig word gebied van die mededingende teoretiese perspektiewe van internasionale verhoudinge. Dit sluit hoofstroom en alternatiewe perspektiewe in, asook die onderliggende denke, teorieë en variasies van elk. Hierdie teorieë bied verskillende benaderings tot globale vrede, waaronder vrede deur internasionale organisasie. 'n Breedvoerige ontleding word gemaak van geselekteerde internasionale organisasies met 'n universele of streeksomvang, soos die Verenigde Nasies, die Afrika-unie en die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap, en van internasionale reg wat hierdie organisasies en hul aktiwiteite begrond.

## Internasionale verhoudinge 220 (IPL 220)

**Kwalifikasie** Voorgraads

**Modulekrediete** 20.00

### Programme

[BA](#)  
[BA Regte](#)  
[BA Tale](#)  
[BAdmin Openbare Bestuur en Internasionale Verhoudinge](#)  
[BPolSci Internasionale Studies](#)  
[BPolSci Politieke Studies](#)  
[BSocSci Bedryfsosiologie en Arbeidstudies](#)  
[BSocSci Filosofie, Politiek en Ekonomie](#)

**Diensmodules** Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

**Voorvereistes** PTO 101(GS), IPL 210(GS)

**Kontaktyd** 3 lesings per week

**Onderrigtaal** Module word in Engels aangebied

**Departement** Politieke Wetenskappe

**Aanbiedingstydperk** Semester 2

## Module-inhoud

Buitelandse beleid en diplomاسie

'n Kort inleiding tot die studie van buitelandse beleid word gevolg deur 'n verduideliking van die gebruik van die vergelykende metode en 'n raamwerk vir die analise en evaluasie van buitelandse beleid. Dit bied 'n vergelykende studie van die buitelandse beleid van geselekteerde state van die belangrikste streke van die wêreld, waaronder die buitelandse beleid van Suid-Afrika. In elke gevallestudie word die beleidsomgewing, die formulering- en implementeringsprosesse, asook die inhoud van die spesifieke staat se buitelandse beleid gedek. Daarna vernou die fokus na diplomاسie: die oudste, mees veelsydige en universeel gebruikte instrument van buitelandse beleid. Die aard, geskiedenis, tipes diplomاسie en regsraamwerk van hierdie instelling word ondersoek. Voorbeelde uit die globale praktyk word gebruik, met spesifieke oorweging van die evolusie van diplomatieke praktyk in die Afrika en Suid-Afrikaanse konteks.

## Internasionale verhoudinge 310 (IPL 310)

**Kwalifikasie** Voorgraads





**Modulekrediete** 30.00

**Programme**  
[BA](#)  
[BAdmin Openbare Bestuur en Internasionale Verhoudinge](#)  
[BPolSci Internasionale Studies](#)  
[BPolSci Politieke Studies](#)  
[BSocSci Bedryfsosiologie en Arbeidstudies](#)  
[BSocSci Filosofie, Politiek en Ekonomie](#)

**Diensmodules** Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

**Voorvereistes** PTO 101, IPL 210(GS), 220(GS)

**Kontaktyd** 3 lesings per week

**Onderrigtaal** Module word in Engels aangebied

**Departement** Politieke Wetenskappe

**Aanbiedingstydperk** Semester 1

### Module-inhoud

Internasionale politieke ekonomie

Die aard en funksionering van die hedendaagse internasionale politiek-ekonomiese orde word ontleed teen die agtergrond van die globaliseringsproses. Die klem val op die interaksie tussen politieke en ekonomiese tendense en vraagstukke soos die ekonomiese belang en politieke impak van regionale handelsblokke; die skuldmas van state; internasionale hulpverlening; die rol en invloed van multinasionale korporasies; en die oordrag van tegnologie na minder-ontwikkelde state; ontluikende ekonomiese moondhede in die Globale Suid; en globale ekonomiese regeerkunde.

## Internasionale verhoudinge 320 (IPL 320)

**Kwalifikasie** Voorgraads

**Modulekrediete** 30.00

**Programme**  
[BA](#)  
[BAdmin Openbare Bestuur en Internasionale Verhoudinge](#)  
[BPolSci Internasionale Studies](#)  
[BPolSci Politieke Studies](#)  
[BSocSci Bedryfsosiologie en Arbeidstudies](#)  
[BSocSci Filosofie, Politiek en Ekonomie](#)

**Diensmodules** Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

**Voorvereistes** PTO 101, IPL 210(GS), 220(GS), 310(GS)

**Kontaktyd** 3 lesings per week

**Onderrigtaal** Module word in Engels aangebied

**Departement** Politieke Wetenskappe

**Aanbiedingstydperk** Semester 2



## Module-inhoud

Veiligheid- en strategiese studies

'n Studie van tradisionele en kontemporêre benaderings tot veiligheid en strategie. Aandag word geskenk aan nuwe teorieë oor oorlog, veiligheid en strategie; militêre en nie-militêre bedreigings vir nasionale veiligheid en menseveiligheid; die nasionale veiligheid van ontwikkelende state; asook die verhouding tussen beleid, strategie en taktiek. Laasgenoemde sluit 'n inleidende oorsig in van die aard, vlakke, patrone, vorms en instrumente van strategie, en van oorlogsreg. Die nasionale, regionale en kontinentale veiligheidsituasie in Afrika en vorms van multilaterale veiligheidsamewerking in die besonder word ontleed, ook in verhouding tot buite-kontinentale tendense. Wat die voorafgaande betref, word klem geplaas op die regs- en institusionele raamwerk, nasionale veiligheidsbeleid en strategiese ingesteldheid van Suid-Afrika.

## Internasionale politieke ekonomie 751 (IPL 751)

**Kwalifikasie** Nagraads

**Modulekrediete** 20.00

**Programme** [BAHons Internasionale Verhoudinge](#)

**Voorvereistes** Geen voorvereistes.

**Kontaktyd** 1 lesing per week

**Onderrigtaal** Module word in Engels aangebied

**Departement** Politieke Wetenskappe

**Aanbiedingstydperk** Semester 1 of Semester 2

### Module-inhoud

Kontemporêre politieke en ekonomiese tendense wat die politieke ekonomie van ontwikkelende state beïnvloed, word bestudeer. Die klem is spesifiek op die invloed van internasionale finansiële instellings en regimes op die politieke ekonomie van die ontwikkelende wêreld, en op die reaksies van hierdie state.

## Internasionaleverhoudingeteorie 752 (IPL 752)

**Kwalifikasie** Nagraads

**Modulekrediete** 20.00

**Programme** [BAHons Internasionale Verhoudinge](#)  
[BSocSciHons Genderstudies](#)

**Voorvereistes** Geen voorvereistes.

**Kontaktyd** 1 lesing per week

**Onderrigtaal** Module word in Engels aangebied

**Departement** Politieke Wetenskappe

**Aanbiedingstydperk** Semester 1 of Semester 2



## Module-inhoud

Studie van empiriese en normatiewe teorieë van internasionale verhoudinge, met spesifieke verwysing na die hedendaagse ontwikkeling en stand daarvan. Die klem val op die mate waarin dit tradisionele of postmodernistiese denke verteenwoordig en dit wegbeweeg van die mededingende paradigmas en perspektiewe wat die dissipline tans kenmerk. Grondige ontledings word ook gemaak van spesifieke deelteorieë, en van die bydrae van geselekteerde teoretici en hul werke.

## Buitelandse beleid 753 (IPL 753)

<b>Kwalifikasie</b>	Nagraads
<b>Modulekrediete</b>	20.00
<b>Programme</b>	<a href="#">BAHons Internasionale Verhoudinge</a>
<b>Voorvereistes</b>	Geen voorvereistes.
<b>Kontaktyd</b>	1 lesing per week
<b>Onderrigtaal</b>	Module word in Engels aangebied
<b>Departement</b>	Politiese Wetenskappe
<b>Aanbiedingstydperk</b>	Semester 1 of Semester 2

## Module-inhoud

Hierdie gevorderde module maak diepgaande studie van die belangrikste teoretiese vraagstukke in die ontleding van buitelandse beleid. Dit handel met die ontwikkeling van buitelandse beleidsteorie, die konsep "buitelandse beleid" en die verwante vraagstukke van die rol van die staat en die agentskapstruktuurdebat. Dit maak ook diepgaande studie van verskeidenheid benaderings tot die studie van buitelandse beleid en poog sodoende om die student voor te berei vir moontlike magisterverhandeling oor onderwerp wat met die studie van buitelandse beleid verband hou.

## Veiligheid- en strategiese studies 754 (IPL 754)

<b>Kwalifikasie</b>	Nagraads
<b>Modulekrediete</b>	20.00
<b>Programme</b>	<a href="#">BAHons Internasionale Verhoudinge</a>
<b>Voorvereistes</b>	Geen voorvereistes.
<b>Kontaktyd</b>	1 lesing per week
<b>Onderrigtaal</b>	Module word in Engels aangebied
<b>Departement</b>	Politiese Wetenskappe
<b>Aanbiedingstydperk</b>	Semester 1 of Semester 2



## Module-inhoud

Die strategie van afskrikking en die strategie van optrede word in besonderhede be'n Gevorderde studie word gemaak van die teorie en praktyk van kritiese veiligheidstudies, met inbegrip van ontluikende en nuwe veiligheidsvraagstukke. Dit behels ook 'n vergelykende analise van die veiligheidsbeleid, -strategie en -doktrine van geselekteerde state; die benaderings tot en institutionalisering van multilaterale veiligheidsamewerking in die belangrikste streke van die wêreld; sowel as vredesoperasies wat deur internasionale instellings geloods word. Op die strategiese vlak word aandag geskenk aan hedendaagse strategie van militêre optrede en afskrikkingstrategie. spreek, gevolg deur ontleding van nasionale veiligheidsbeleid, post-koue oorlog internasionale veiligheid en strategiese intelligensie. Die praktiese komponent bestaan uit studie van die strategiese leerstellings van grootmoondhede, nasionale veiligheid in die RSA en huidige wapenbeheerooreenkomste.

## Navorsingsverslag: Internasionale verhoudinge 770 (IPL 770)

<b>Kwalifikasie</b>	Nagraads
<b>Modulekrediete</b>	40.00
<b>Programme</b>	<a href="#">BAHons Internasionale Verhoudinge</a>
<b>Voorvereistes</b>	Geen voorvereistes.
<b>Kontaktyd</b>	1 lesing per week
<b>Onderrigtaal</b>	Module word in Engels aangebied
<b>Departement</b>	Politiese Wetenskappe
<b>Aanbiedingstydperk</b>	Jaar

## Module-inhoud

'n Bepaalde navorsingsverslag van 8 000-10 000 woorde, gebaseer op onafhanklike navorsing wat deur die student in 'n spesialisveld van internasionale verhoudinge gedoen is, word onder leiding van 'n toesighouer geskryf. Dit word voorafgegaan deur 'n inleiding tot gevorderde politieke navorsing in die dissipline met inbegrip van toepaslike navorsingsmetodologie, navorsingsetiek, en die beplanning en dokumentering van navorsing.

## Verhandeling: Internasionale verhoudinge 891 (IPL 891)

<b>Kwalifikasie</b>	Nagraads
<b>Modulekrediete</b>	240.00
<b>Programme</b>	<a href="#">MA Internasionale Verhoudinge</a>
<b>Voorvereistes</b>	Geen voorvereistes.
<b>Onderrigtaal</b>	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
<b>Departement</b>	Politiese Wetenskappe
<b>Aanbiedingstydperk</b>	Jaar

## Module-inhoud

Navorsingsverhandeling, gebaseer op onafhanklike navorsing wat deur die student oor goedgekeurde onderwerp in die breë veld van internasionale verhoudinge gedoen is, word onder leiding van die studieleier geskryf.



## Proefskrif: Internasionale verhoudinge 992 (IPL 992)

<b>Kwalifikasie</b>	Nagraads
<b>Modulekrediete</b>	360.00
<b>Programme</b>	<a href="#">PhD Internasionale Verhoudings</a>
<b>Voorvereistes</b>	Geen voorvereistes.
<b>Onderrigtaal</b>	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
<b>Departement</b>	Politieke Wetenskappe
<b>Aanbiedingstydperk</b>	Jaar

### Module-inhoud

Navorsingsproefskrif, gebaseer op onafhanklike navorsing wat deur die student oor goedgekeurde onderwerp in die breë veld van internasionale verhoudinge gedoen is, word onder leiding van die studieleier geskryf. Die kern van die proefskrif is om bewys te lewer van onafhanklike navorsing en om bydrae tot die vakdissipline van internasionale verhoudinge te maak.

## Innovasie 100 (JNV 100)

<b>Kwalifikasie</b>	Voorgraads
<b>Modulekrediete</b>	8.00
<b>Voorvereistes</b>	Geen voorvereistes.
<b>Kontaktyd</b>	2 lesings per week
<b>Onderrigtaal</b>	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
<b>Departement</b>	Eenheid vir Akademiese Geletterdheid
<b>Aanbiedingstydperk</b>	Jaar

### Module-inhoud

\*Alle eerstejaars wat die Akademiese Geletterdheidstoets gedruip het Die ontwikkeling van basiese taalvaardigheid in die konteks van en aan die hand van voorbeelde uit die ingenieurs- en tegnologiese omgewing.

## Regsleer 110 (JUR 110)

<b>Kwalifikasie</b>	Voorgraads
<b>Modulekrediete</b>	15.00
<b>Programme</b>	<a href="#">BA Regte</a> <a href="#">BCom Regte</a> <a href="#">LLB Regsgeleerdheid</a>
<b>Diensmodules</b>	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Fakulteit Geesteswetenskappe
<b>Voorvereistes</b>	Geen voorvereistes.
<b>Kontaktyd</b>	4 seminare per week, 1 tutoriaal per week, 4 lesings per week



**Onderrigtaal** Aparte klasse vir Engels en Afrikaans

**Departement** Regsleer

**Aanbiedingstydperk** Semester 1

### Module-inhoud

\*Vir LLB en BA/BCom met spesialisering in regte Die module bevat beide `n teoretiese- en vaardighede-komponent. Alle elemente hieronder beskryf behels konseptuele kennis gekombineer met praktiese toepassing. GRONDLIGGENDE REGSFILOSOFIESE ASPEKTE VAN REG/DIE REG IN DIE ALGEMEEN (a) `n Eerstejaar-definisie van reg/die reg (b) Die verband tussen reg en die samelewing, reg en geskiedenis, reg en politiek, reg en taal (c) Wat dit behels om `n regstudent of regsgeleerde in Suid-Afrika te wees (d) Inleiding tot verskillende perspektiewe op die reg DIE SUID-AFRIKAANSE REGSISTEEM EN DIE HISTORIESE ONTWIKKELING DAARVAN BRONNE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE REG EN DIE HISTORIESE ONTWIKKELING DAARVAN (a) Inleiding tot die eienskappe en komponente van die Suid-Afrikaanse regsistiem (b) Gemengde regsisteme (c) Die Suid-Afrikaanse grondwet en die historiese ontwikkeling daarvan Inheemse reg en die historiese ontwikkeling daarvan (d) Die gemenereg en die historiese ontwikkeling daarvan (e) Regspraak, wetgewing en ander bronne van moderne Suid-Afrikaanse reg (f) Toepassing van die bronne van die reg op `n feitestel en gebruik van die bronne van die reg om `n jurisprudensiële vraag te beantwoord. BOGENOEMDE INHOUD VORM DIE BASIS VIR DIE VAARDIGHEDE-KOMPONENT, WAT AKADEMIESE GELETTERDHEIDSVAADIGHEDE INSLUIT: (a) Navorsing in die biblioteek (b) Die vind, lees en toepassing van die bronne van die reg; (c) Die lees, verstaan en opsom van tekste met regsonderwerpe; (d) Die ontleding, kritisering en verbetering (redigering) van skryfwerk oor die reg in `n teoretiese sin (e) Die skryf van `n goed-gestruktureerde paragraaf of opstel oor regsprobleme en regs - of regshistoriese onderwerpe

### Regsleer 120 (JUR 120)

**Kwalifikasie** Voorgraads

**Modulekrediete** 15.00

**Programme**  
[BA Regte](#)  
[BCom Regte](#)  
[LLB Regsgeleerdheid](#)

**Diensmodules** Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe  
Fakulteit Geesteswetenskappe

**Voorvereistes** Geen voorvereistes.

**Kontaktyd** 1 tutoriaal per week, 4 lesings per week, 4 seminare per week

**Onderrigtaal** Aparte klasse vir Engels en Afrikaans

**Departement** Regsleer

**Aanbiedingstydperk** Semester 2



## Module-inhoud

\*Vir LLB en BA/BCom met spesialisering in regte BASIESE BEGINSELS VAN DIE: (a) Verbintenisreg (kontrakte en delikte) (b) Strafrege (c) Siviele Prosesreg (d) Strafprosesreg (e) Bewysreg. TOEGANG TOT GERECHTIGHEID (a) Howe en alternatiewe dispuutbeslegting (b) Regsprofessie (c) Toegang tot geregtigheid en die bevordering daarvan in Suid-Afrika (die beginsel, probleme, verteenwoordiging in strafsake, rol van verskillende organisasies, ens) BOGENOEMDE INHOUD VORM DIE GRONDSLAG VAN DIE VAARDIGHEDE-KOMPONENT, WAT AKADEMIESE GELETTERDHEIDSVAARDIGHEDE INSLUIT: (a) Die opstel van 'n eenvoudige kontrak wat op 'n feitestel gebaseer is (b) Die lees, verstaan en opsom van 'n hofspraak wat op die deliktereg gebaseer is en toepassing van die beginsels van argument en logika op die hofspraak (c) Die opsom, ontleding, kritesering en verbetering van 'n regstekste te make met die bewysreg (d) Die verstaan en toepassing van die beginsels van hoofondervraging, kruisondervraging en herondervraging op 'n feitestel met die oog op deelname aan 'n skynhof of debat

## Regsleer 310 (JUR 310)

**Kwalifikasie** Voorgraads

**Modulekrediete** 10.00

**Programme** [BA Regte](#)  
[LLB Regsgeleerdheid](#)

**Diensmodules** Fakulteit Geesteswetenskappe

**Voorvereistes** Geen voorvereistes.

**Kontaktyd** 2 lesings per week, 1 tutoriaal per week

**Onderrigtaal** Aparte klasse vir Engels en Afrikaans

**Departement** Regsleer

**Aanbiedingstydperk** Semester 1

## Module-inhoud

\*Vir LLB en BA met spesialisering in Regte 'n Oorsig van die belangrikste regsfilosofiese benaderings, onder andere die positivisme, natuurreg, realisme, kritiese regsteorie, moderne en postmoderne benaderings. Die teoretiese en praktiese waarde van hierdie benaderings word in 'n postapartheidkonteks ondersoek.

## Metodes en tegnieke van navorsing 751 (KGK 751)

**Kwalifikasie** Nagraads

**Modulekrediete** 10.00

**Programme** [BAHons Visuele Studies](#)

**Voorvereistes** Geen voorvereistes.

**Kontaktyd** 3 lesings per week

**Onderrigtaal** Aparte klasse vir Engels en Afrikaans

**Departement** Visuele Kunste

**Aanbiedingstydperk** Kwartaal 1



### Module-inhoud

Hierdie module bied inleiding tot metodologie. Toepassing word op kunsgeskiedenis en visuele kultuur gemaak soos toepaslik. Verskillende teoretiese benaderings tot navorsing in kunsgeskiedenis en visuele kultuur word belig. Klem word geplaas op fotografiese versamelings, geïllustreerde inventarisse, piktorale woordeboeke, uitstallingskatalogi, die internet en elektroniese multimediatebronne as hulpmiddels vir navorsing.

### Verhandeling: Kunsgeskiedenis 890 (KGK 890)

**Kwalifikasie** Nagraads

**Modulekrediete** 180.00

**Programme** [MA Kunsgeskiedenis](#)

**Voorvereistes** Geen voorvereistes.

**Onderrigtaal** Aparte klasse vir Engels en Afrikaans

**Departement** Visuele Kunste

**Aanbiedingstydperk** Jaar

### Module-inhoud

Hoogs gespesialiseerde akademiese en gevorderde navorsing waarin die student bewys dat hy/sy gespesialiseerde kennis van hoofdisipline het.

### Proefskrif: Kunsgeskiedenis 990 (KGK 990)

**Kwalifikasie** Nagraads

**Modulekrediete** 360.00

**Programme** [PhD Kunsgeskiedenis](#)

**Voorvereistes** Geen voorvereistes.

**Onderrigtaal** Aparte klasse vir Engels en Afrikaans

**Departement** Visuele Kunste

**Aanbiedingstydperk** Jaar

### Psigodiagnostiek 803 (KLS 803)

**Kwalifikasie** Nagraads

**Modulekrediete** 20.00

**Programme** [MA Kliniese Sielkunde \(Gedoseer\)](#)

**Voorvereistes** DS: MA Kliniese sielkunde-program

**Kontaktyd** 2 seminare per week

**Onderrigtaal** Afrikaans en Engels word in een klas gebruik

**Departement** Sielkunde

**Aanbiedingstydperk** Jaar





### Module-inhoud

\*Geslote – toelating tot hierdie module is onderhewig aan departementele keuring vir die MA Kliniese sielkunde-program. Die module se primêre doel is die kodering, interpretasie en administrasie van verskeidenheid psigometriese toetse ten einde tot 'n DSM IV-diagnose en psigodiagnose van kliënt/pasiënt te kan kom. 'n Sekondêre doel is om psigodiagnostiek in ander kontekste, soos byvoorbeeld die forensiese en die neurosielkunde, toe te pas.

### Psigoterapie: Teorie 871 (KLS 871)

**Kwalifikasie** Nagraads

**Modulekrediete** 30.00

**Programme** [MA Kliniese Sielkunde \(Gedoseer\)](#)

**Voorvereistes** DS: MA Kliniese sielkunde-program

**Kontaktyd** 1 besprekingsklas per week, 1 praktiese sessie per week

**Onderrigtaal** Aparte klasse vir Engels en Afrikaans

**Departement** Sielkunde

**Aanbiedingstydperk** Jaar

### Module-inhoud

\*Geslote – toelating tot hierdie module is onderhewig aan departementele keuring vir die MA Kliniese sielkunde-program.

Die module handel oor verskeie psigoterapeutiese modelle en die beginsels grondliggend daaraan. Die bestudering van hierdie paradigmas is nie slegs gerig op die individu as 'n geïsoleerde persoon nie, maar lei tot insig en begrip van die gesin, groep en sosiale kontekste. Hierdie module vind toepassing in KLS 872 Psigoterapie (Praktyk).

### Psigoterapie: Praktyk 872 (KLS 872)

**Kwalifikasie** Nagraads

**Modulekrediete** 20.00

**Programme** [MA Kliniese Sielkunde \(Gedoseer\)](#)

**Voorvereistes** DS: MA Kliniese sielkunde-program

**Kontaktyd** 4 ander kontak per week, 1 praktiese sessies per week, 1 besprekingsklas per week

**Onderrigtaal** Aparte klasse vir Engels en Afrikaans

**Departement** Sielkunde

**Aanbiedingstydperk** Jaar



## Module-inhoud

\*Geslote – toelating tot hierdie module is onderhewig aan departementele keuring vir die MA Kliniese sielkunde-program.

Die module is interafhanklik van modules KLS 871 Psigoterapie (Teorie) en KLS 803 Psigodiagnostiek, naamlik as die toepassing van psigoterapeutiese paradigmas en psigometriese toetse by verskeie klinies/sielkundig gerigte instansies onder toesig van senior kliniese sielkundiges. Die module handel ook oor die analyses/diagnoses en beskrywing van die toepassingsprosesse. Kritiese evaluasie van die psigoterapeutiese proses is deel van 'n wetenskapsbenadering tot die beoefening van psigoterapie. Professionele en etiese beginsels in die praktyk van psigoterapie word ook aangespreek.

## Psigopatologie 874 (KLS 874)

<b>Kwalifikasie</b>	Nagraads
<b>Modulekrediete</b>	20.00
<b>Programme</b>	MA Kliniese Sielkunde (Gedoseer)
<b>Voorvereistes</b>	DS: MA Kliniese sielkunde-program
<b>Kontaktyd</b>	1 seminaar per week
<b>Onderrigtaal</b>	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
<b>Departement</b>	Sielkunde
<b>Aanbiedingstydperk</b>	Jaar

## Module-inhoud

\*Geslote – toelating tot hierdie module is onderhewig aan departementele keuring vir die MA Kliniese sielkunde-program. In hierdie module word menslike gedrag binne konteks ondersoek en word die student tot 'n sensitiewe begrip van gedragswyses gebring wat die grense van wat algemeen as kultureel/sosiaal aanvaarbare gedrag beskou word, oorskry. Gedrag wat gewoonlik as normaal/abnormaal beskryf word, word vanuit verskeie paradigmatische beskouings krities aangespreek en bestudeer. Gedrag wat beïnvloed word deur genetiese en neurologiese prosesse word ook behandel.

## Miniverhandeling: Kliniese Sielkunde 895 (KLS 895)

<b>Kwalifikasie</b>	Nagraads
<b>Modulekrediete</b>	90.00
<b>Programme</b>	MA Kliniese Sielkunde (Gedoseer)
<b>Voorvereistes</b>	Geen voorvereistes.
<b>Onderrigtaal</b>	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
<b>Departement</b>	Sielkunde
<b>Aanbiedingstydperk</b>	Jaar



## Module-inhoud

Met 'n miniverhandeling word die student se vermoë getoets in die beoefening en voltooiing van 'n onafhanklike navorsingsprojek. Die projek is gebaseer op 'n onderwerp in die veld van die kliniese sielkunde en word onder leiding van 'n studieleier (geregistreerde kliniese sielkundige) of 'n goedgekeurde kundige op die gebied van die navorsingsonderwerp voltooi. Die student ontvang ook onderrig oor navorsingsmetodiek gedurende die proses van die ontwikkeling van die navorsingsvoorstel.

## Menslike kommunikasie 210 (KMP 210)

**Kwalifikasie** Voorgraads

**Modulekrediete** 5.00

**Programme** [BA Oudiologie](#)  
[BA Spraak-Taalpatologie](#)

**Voorvereistes** ODL 110, ODL120, SPP 110, SPP 120

**Kontaktyd** 2 lesings per week

**Onderrigtaal** Afrikaans en Engels word in een klas gebruik

**Departement** Spraak-Taalpatologie en Oudiologie

**Aanbiedingstydperk** Semester 1

## Module-inhoud

\*Geslote vereis departementele keuring

Intervensie vir kinders met gehoorverlies: die gedeelde rol van die spraak-taalterapeut en audioloog; neurologiese grondslag van luister en praat; taal en spraak van die kind met 'n gehoorverlies; ouditiewe opleiding; ouerleiding; intervensie vir ouditiewe neuropatiespektrumafwyking. Inter- en transdissiplinêre betrokkenheid by kliënte met gehoor- en kommunikasieafwykings deur diensplanne vir individue en gesinne saam te stel.

## Menslike kommunikasie 220 (KMP 220)

**Kwalifikasie** Voorgraads

**Modulekrediete** 5.00

**Programme** [BA Oudiologie](#)  
[BA Spraak-Taalpatologie](#)

**Voorvereistes** ODL 110, ODL 120, SPP 110, SPP 120

**Kontaktyd** 2 lesings per week

**Onderrigtaal** Afrikaans en Engels word in een klas gebruik

**Departement** Spraak-Taalpatologie en Oudiologie

**Aanbiedingstydperk** Semester 2



## Module-inhoud

\*Geslote – vereis departementele keuring.

Vroeë kommunikasie-intervensie: Beginsels en benaderings, omskrywing van risikopopulasies, sifting, assessering en interventie van babas en kleuters met 'n risiko vir 'n kommunikasieagterstand, sorggeweropleiding. Ouditiewe prosesseringsafwykings: Organiese en nieorganiese oorsake. Die sentrale ouditiewe senuweestelsel. Die verskillende benaderings tot ouditiewe prosessering en ouditiewe prosesseringsafwykings. Omskrywing van ouditiewe prosesseringsafwykings en profiele. Siftingsprosedures, assessering en interventie. 'n Transdissiplinêre benadering tot ouditiewe prosesseringsafwykings.

## Menslike kommunikasie: Praktikum 281 (KMP 281)

**Kwalifikasie** Voorgraads

**Modulekrediete** 10.00

**Voorvereistes** KMP 110, KMP 120, KMP 181

**Kontaktyd** 1 praktiese sessies per week

**Onderrigtaal** Afrikaans en Engels word in een klas gebruik

**Departement** Spraak-Taalpatologie en Oudiologie

**Aanbiedingstydperk** Jaar

## Module-inhoud

\*Geslote – vereis departementele keuring Uitvoering van siftingstoetse: Spraak, taal en gehoor. Waarneming van kinders met gehoorverlies in skole. Waarneming van vroeë kommunikasie-assesserings. Deelname aan 'n pasgeborebabasiftingsprogram en sorggewer-opleiding in primêre sorg.

## Menslike kommunikasie 310 (KMP 310)

**Kwalifikasie** Voorgraads

**Modulekrediete** 10.00

**Voorvereistes** KMP 210, 220

**Onderrigtaal** Afrikaans en Engels word in een klas gebruik

**Departement** Spraak-Taalpatologie en Oudiologie

**Aanbiedingstydperk** Semester 1

## Module-inhoud

\*Geslote – vereis departementele keuring Navorsing: basiesevaardighede vir die suksesvolle uitvoering van 'n navorsingsprojek en die toepassing daarvan in Oudiologie en Spraak-taalpatologie. Die ontwikkeling van 'n navorsingsvoorstel. Vanaf basiese teoretiese beginsels tot by die tegniese aspekte van navorsing. Beginsels van diensverskaffing in die gesondheidsstelsel. Organisasie van die gesondheidsstelsel. Neuro-ontwikkeling ondersteuningsorg en neonatale kommunikasie-intervensie

## Menslike kommunikasie 320 (KMP 320)

**Kwalifikasie** Voorgraads

**Modulekrediete** 10.00



**Programme** BA Oudiologie  
BA Spraak-Taalpatologie

**Voorvereistes** KMP 210, KMP 220

**Kontaktyd** 3 lesings per week

**Onderrigtaal** Afrikaans en Engels word in een klas gebruik

**Departement** Spraak-Taalpatologie en Oudiologie

**Aanbiedingstydperk** Semester 2

### Module-inhoud

\*Geslote - vereis departementele keuring

Diensverwante professionele funksies in Oudiologie en Spraak-Taalpatologie: Konsultasie, berading, opleiding en bestuur. Die oudioloog en spraak-taalterapeut as konsultante in ontwikkelende lande; medies-wetlike konsultasie. Konsultasie met en opleiding van ander professionele groepe. Berading van die persoon met 'n kommunikasieafwyking en familie na die verlies van normale kommunikasie of gehoor. Die oudioloog en spraak-taalterapeut as bestuurders: administrasie, finansies, personeel, aankope en begroting. Organisasie van die gesondheidstelsel. Neuro-ontwikkelingsteunsorg en neonatale kommunikasie-intervensie.

## Menslike kommunikasie: Praktikum 381 (KMP 381)

**Kwalifikasie** Voorgraads

**Modulekrediete** 5.00

**Programme** BA Oudiologie  
BA Spraak-Taalpatologie

**Voorvereistes** KMP 210, 220

**Kontaktyd** 20 seminare, 6 praktiese sessies, 70 kliniese oefensessies

**Onderrigtaal** Afrikaans en Engels word in een klas gebruik

**Departement** Spraak-Taalpatologie en Oudiologie

**Aanbiedingstydperk** Jaar

### Module-inhoud

\*Geslote - vereis departementele keuring

Kurrikulumgemeenskapsinteraksie en die toepassing daarvan in Oudiologie en Spraak-taalpatologie. Beplanning, ontwikkeling en uitvoering van gemeenskapsgebaseerde rehabilitasieprogramme; toepassing van professionele funksies met spesifieke verwysing na die bevordering van normale gehoor en kommunikasievaardighede; voorkoming, opleiding en samewerking in gemeenskappe. Ervaringsleer in 'n publieke hospitaal. Neonatale kommunikasie-intervensie in die praktyk.

## Menslike kommunikasie 481 (KMP 481)

**Kwalifikasie** Voorgraads

**Modulekrediete** 30.00

**Programme** BA Oudiologie  
BA Spraak-Taalpatologie



**Voorvereistes** SPP 310, 320 of ODL 310, 320

**Kontaktyd** 14 lesings, 14 besprekingsklasse per week

**Onderrigtaal** Afrikaans en Engels word in een klas gebruik

**Departement** Spraak-Taalpatologie en Oudiologie

**Aanbiedingstydperk** Jaar

### Module-inhoud

\*Geslote – vereis departementele keuring

Om 'n navorsingsverslag saam te stel gebaseer op 'n kritiese ondersoek oor 'n professioneel-spesifieke onderwerp

## Vroeë intervensie: Praktikum 482 (KMP 482)

**Kwalifikasie** Voorgraads

**Modulekrediete** 15.00

**Programme** BA Oudiologie  
BA Spraak-Taalpatologie

**Voorvereistes** KMP 320, 381

**Kontaktyd** 23 praktiese sessies, 23 kliniese oefensessies, 21 seminare

**Onderrigtaal** Afrikaans en Engels word in een klas gebruik

**Departement** Spraak-Taalpatologie en Oudiologie

**Aanbiedingstydperk** Jaar

### Module-inhoud

\*Geslote – vereis departementele keuring

Vroeë kommunikasie-intervensie: kliniese toepassing van assessering- en intervensiebeginsels vir babas en jong kinders met 'n risiko vir kommunikasieafwykings. Familiegesentreerde benadering en spanwerk. Die rol en funksies van spraak-taalterapeute en oudioloë in kangaroemoedersorg. Gesplete gesigsdeformiteite- kliniek prakties.

## Gemeenskapskontekste: Praktikum 483 (KMP 483)

**Kwalifikasie** Voorgraads

**Modulekrediete** 10.00

**Voorvereistes** KMP 310, 320, 381

**Onderrigtaal** Afrikaans en Engels word in een klas gebruik

**Departement** Spraak-Taalpatologie en Oudiologie

**Aanbiedingstydperk** Jaar



## Module-inhoud

\*Geslote – vereis departementele keuring Kliniese toepassing van die beginsels van gemeenskapsgebaseerde intervensie in kommunikasiepatologie en oudiologie . Beplanning, ontwikkeling en uitvoering van intervensieprogramme, vestiging van multisektorale netwerke en die toepassing van professionele vaardighede met spesifieke verwysing na voorkoming, opleiding van versorgers, beraad en navorsing in primêre gesondheidsorg. Samewerking met gesondheidsorgwerkers en aanvullende gesondheidsorg-personeel.

## Thesis: Audiology 991 (KMP 991)

<b>Kwalifikasie</b>	Nagraads
<b>Modulekrediete</b>	360.00
<b>Programme</b>	<a href="#">PhD Oudiologie</a>
<b>Onderrigtaal</b>	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
<b>Departement</b>	Spraak-Taalpatologie en Oudiologie
<b>Aanbiedingstydperk</b>	Jaar

## Module-inhoud

Gespesialiseerde en gevorderde navorsing waarin die student bewys lewer van spesialiskennis van die hoofdisipline en moontlike interdisiplinêre skakeling kan bewerkstellig. Onafhanklike en verantwoordbare beplanning, hulpbronbenutting en bestuur van alle aspekte van die navorsingsproses binne die komplekse en onvoorspelbare kontekste word verwag. Benutting van rekenaarprogramme vir analise en/of verslagskrywing word veronderstel, asook akademiese en wetenskaplike leierskap.

## Komposisie 200 (KPS 200)

<b>Kwalifikasie</b>	Voorgraads
<b>Modulekrediete</b>	12.00
<b>Programme</b>	<a href="#">BMus</a>
<b>Voorvereistes</b>	Toelating tot relevante program
<b>Kontaktyd</b>	2 lesings per week
<b>Onderrigtaal</b>	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
<b>Departement</b>	Musiek
<b>Aanbiedingstydperk</b>	Jaar

## Module-inhoud

\*Geslote – vereis departementele keuring  
Komposisie en orkenstrasie  
Inleiding tot komposisie, notasie en orkestrasietegnieke.

## Komposisie 300 (KPS 300)

<b>Kwalifikasie</b>	Voorgraads
<b>Modulekrediete</b>	18.00



<b>Programme</b>	BMus
<b>Voorvereistes</b>	Toelating tot relevante program
<b>Kontaktyd</b>	2 lesings per week
<b>Onderrigtaal</b>	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
<b>Departement</b>	Musiek
<b>Aanbiedingstydperk</b>	Jaar

#### Module-inhoud

\*Geslote - vereis departementele keuring

Orkestrasie in Klassieke en Romantiese idioom. Eie komposisies: werke vir klein en groter besettings - jazz of kontemporêre idioom.

### Komposisie en orkestrasie 400 (KPS 400)

<b>Kwalifikasie</b>	Voorgraads
<b>Modulekrediete</b>	40.00
<b>Programme</b>	BMus
<b>Voorvereistes</b>	Toelating tot relevante program
<b>Kontaktyd</b>	2 lesings per week
<b>Onderrigtaal</b>	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
<b>Departement</b>	Musiek
<b>Aanbiedingstydperk</b>	Jaar

#### Module-inhoud

\*Geslote - vereis departementele keuring

Orkestrasie in 'n meer moderne/jazz idioom. Skryf van meer komplekse werke vir groter besettings - jazz of kontemporêre idioom.

### Verhandeling en komposisieportefeulje 890 (KPS 890)

<b>Kwalifikasie</b>	Nagraads
<b>Modulekrediete</b>	180.00
<b>Programme</b>	MMus Komposisie
<b>Voorvereistes</b>	Geen voorvereistes.
<b>Onderrigtaal</b>	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
<b>Departement</b>	Musiek
<b>Aanbiedingstydperk</b>	Jaar





## Module-inhoud

\*Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.

Dissertation and portfolio of original compositions in a contemporary, jazz, popular or indigenous style. Single movement work for orchestra (with/without soloists); Song cycle (with accompaniment); Multi-movement chamber work. Minimum duration of portfolio: 40 minutes.

## Proefskrif: Komposisie 990 (KPS 990)

**Kwalifikasie** Nagraads

**Modulekrediete** 240.00

**Voorvereistes** Geen voorvereistes.

**Onderrigtaal** Afrikaans en Engels word in een klas gebruik

**Departement** Musiek

**Aanbiedingstydperk** Jaar

## Proefskrif en komposisieportefeulje 991 (KPS 991)

**Kwalifikasie** Nagraads

**Modulekrediete** 360.00

**Programme** [DMus Komposisie](#)

**Onderrigtaal** Afrikaans en Engels word in een klas gebruik

**Departement** Musiek

**Aanbiedingstydperk** Jaar

## Module-inhoud

\*Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.

Thesis and portfolio of original compositions in a contemporary, jazz, popular or indigenous style. Multi-movement work for large orchestra (with/without soloists); or Concerto for soloist/s and orchestra; Song cycle (with accompaniment); Multi-movement chamber work; Substantial work for keyboard instrument or instrumental work with keyboard accompaniment; Work for chorus (with accompaniment). Minimum duration of portfolio: 75 minutes.

## Kriminologie 110 (KRM 110)

**Kwalifikasie** Voorgraads

**Modulekrediete** 12.00



<b>Programme</b>	BA BA Regte BA Tale BA Verlengde program BDiv BIS Inligtingkunde BSW Maatskaplike Werk BSc Inligting- en Kennisstelsels LLB Regsgeleerdheid
------------------	---

**Diensmodules** Fakulteit Regsgeleerdheid

**Voorvereistes** Geen voorvereistes.

**Kontaktyd** 2 lesings per week

**Onderrigtaal** Aparte klasse vir Engels en Afrikaans

**Departement** Maatskaplike Werk en Kriminologie

**Aanbiedingstydperk** Semester 1

### Module-inhoud

Deel 1: Fundamentele kriminologie

'n Algemene inleiding tot kriminologie word verskaf. 'n Oorsig van die faktore wat tot misdaad bydra, forensiese kriminologie en forensiese kriminalistiek word ondersoek.

Deel 2: Geweldsmisdaad

Verskeie tipes geweldsmisdade geniet aandag in hierdie afdeling.

## Kriminologie 120 (KRM 120)

**Kwalifikasie** Voorgraads

**Modulekrediete** 12.00

<b>Programme</b>	BA BA Regte BA Tale BA Verlengde program BDiv BIS Inligtingkunde BSW Maatskaplike Werk BSc Inligting- en Kennisstelsels LLB Regsgeleerdheid
------------------	---

**Diensmodules** Fakulteit Regsgeleerdheid

**Voorvereistes** KRM 110

**Kontaktyd** 2 lesings per week

**Onderrigtaal** Aparte klasse vir Engels en Afrikaans

**Departement** Maatskaplike Werk en Kriminologie

**Aanbiedingstydperk** Semester 2



### Module-inhoud

Deel 1: Penologie

Aandag word gegee aan die rolspelers in die kriminele regsplegingstelsel, naamlik die polisie, howe en korreksies.

Deel 2: Misdaadvoorkoming en -beheer

Die aard en omvang van misdaad, teorieë ter verklaring van misdadige gedrag en misdaadvoorkoming en -beheer word ondersoek.

*Die twee afdelings word nie noodwendig in chronologiese volgorde aangebied nie.*

## Kriminologie 210 (KRM 210)

**Kwalifikasie** Voorgraads

**Modulekrediete** 20.00

**Programme**  
BA  
BA Regte  
BA Tale  
BSW Maatskaplike Werk  
BSc Inligting- en Kennisstelsels

**Diensmodules** Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie

**Voorvereistes** KRM 110,120

**Kontaktyd** 2 lesings per week

**Onderrigtaal** Aparte klasse vir Engels en Afrikaans

**Departement** Maatskaplike Werk en Kriminologie

**Aanbiedingstydperk** Semester 1

### Module-inhoud

Deel 1: Forensiese kriminalistiek

Die geïntegreerde aard van sistematiese misdaadondersoek word verken deur die studieveld af te baken in die kriminele taktiek en tegniek.

Deel 2: Jeugwangedrag

Die aard, omvang, teoretiese verklarings asook die voorkoming en beheer van jeugwangedrag word ondersoek.

*Die twee afdelings word nie noodwendig in chronologiese volgorde aangebied nie.*

## Kriminologie 220 (KRM 220)

**Kwalifikasie** Voorgraads

**Modulekrediete** 20.00

**Programme**  
BA  
BA Regte  
BA Tale  
